

*(Afrikaanse teks deur die Premier geteken)
(Bekragtig op 17 Junie 2008)*

WET

Om voorsiening te maak vir die bewilliging van geld vanuit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie Wes-Kaap in die 2008/09 boekjaar; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

AANHEF

AANGESIEN artikel 226(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996, bepaal dat geld uit die Provinsiale Inkomstefonds onttrek kan word slegs ingevolge 'n bewilliging deur 'n provinsiale Wet;

EN AANGESIEN artikel 26 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), bepaal dat 'n Provinsiale Wetgewer vir elke boekjaar geld vir die behoeftes van die Provinsie moet bewillig;

EN AANGESIEN artikel 36 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003), bepaal dat die LUR verantwoordelik vir finansies in 'n provinsie, sover moontlik, tydens die tertafellegging van die provinsie se jaarlikse begroting in die Provinsiale Wetgewer besonderhede openbaar moet maak van enige toewysings wat elke munisipaliteit ingevolge daardie begroting toekom, insluitende die bedrag wat gedurende elk van die volgende drie boekjare aan die munisipaliteit oorgedra staan te word,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking 5 waaraan 'n betekenis in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur toegedeel is, die betekenis daaraan toegedeel, en beteken—

“**betalings vir kapitaalbates**” enige betaling deur 'n provinsiale departement—

(a) vir 'n bate wat deurlopend of herhaaldelik vir meer as een jaar in produksie gebruik kan word, en wat na verwagting toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vir die provinsiale departement wat die betaling doen, sal hê; en

(b) wat geklassifiseer moet word as of geag word 'n betaling te wees vir kapitaalbates ooreenkomsdig die “*Reference Guide to the new Economic Reporting Format*” (November 2003, Weergawe 2) en die “*Asset Management Framework*” (April 2004, Weergawe 3.3), uitgereik deur die Nasionale Tesourie ingevolge artikel 76 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

“**lopende betalings**” enige betalings gemaak deur 'n provinsiale departement ten opsigte van die bedryfsbehoeftes van daardie departement, en sluit in betalings vir die vergoeding van werknemers, goedere en dienste, rente, huur van onroerende eiendom, en finansiële transaksies rakende bates en laste, maar uitgesonderd oordragte en subsidies, en betalings vir kapitaalbates;

- “oordraende provinsiale beamppte”** die rekenpligtige beamppte van ’n provinsiale departement wat ’n voorwaardelike toekenning oordra aan ’n munisipaliteit;
- 5 **“oordragte en subsidies”** enige betaling deur ’n provinsiale departement aan ’n ander staatsorgaan of aan ’n persoon of organisasie buite die regering ten opsigte waarvan die provinsiale departement nie ’n direkte voordeel van soortgelyke waarde in ruil ontvang nie;
- 10 **“raamwerk”** die voorwaardes en ander inligting wat verband hou met ’n voorwaardelike toekenning gepubliseer deur die Provinsiale Tesourie ingevolge artikel 31(2)(a) van die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2008;
- 15 **“voorwaardelike toekennings”** voorwaardelike toekennings aan die Provinsie, uit die nasionale regering se deel van inkomste wat nasionaal ingevorder word, soos beoog in artikel 214(1)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 15 **“voorwaardelike toewysing”**, met betrekking tot ’n munisipaliteit, ’n voorwaardelike toewysing aan die munisipaliteit soos beoog in artikel 5;
- 15 **“Wet op Munisipale Finansiële Bestuur”** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003);
- 15 **“Wet op Openbare Finansiële Bestuur”** die Wet op Openbare Finansiële Bestuur; 1999 (Wet 1 van 1999).

20 Bewilliging van geld vir behoeftes van Provinsie

2. (1) Bewilligings deur die Provinsiale Parlement van geld uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinsie in die 2008/09 boekjaar vir begrotingsposte en hoofindelings binne ’n begrotingspos, en vir die spesifiek gemelde doeleinades, word in Bylae A uiteengesit.
- 25 (2) Die besteding van bewilligings in subartikel (1) beoog, is onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

Bewilliging aangedui as spesifiek en uitsluitlik

3. Ondanks enige wetsbepaling mag bewilligings vir ’n begrotingspos of hoofindelings binne ’n begrotingspos wat as spesifiek en uitsluitlik aangedui is, slegs vir die 30 aangeduide doel aangewend word en mag dit nie vir enige ander doel aangewend word nie, tensy ’n Provinsiale Parlements-wet die doel waarvoor dit toegewys is, wysig of verander.

Aanwending van besparing

4. Ondanks die bepalings van enige wet, kan die Provinsiale Tesourie goedkeur dat 35 ’n besparing in ’n bedrag toegeken onder ’n begrotingspos vir oordrag aan ’n spesifieke instelling, buiten ’n bedrag spesifiek en uitsluitlik toegeken, vir enige ander doel binne daardie begrotingspos aangewend word.

Voorwaardelike toewysings aan munisipaliteite

5. Voorwaardelike toewysings aan munisipaliteite vanuit die provinsiale begroting 40 met betrekking tot die 2008/09 boekjaar word in Bylae B uiteengesit. ’n Beoogde verdeling van die voorwaardelike toewysings aan munisipaliteite vanuit die provinsiale begroting vir die opvolgende boekjaar en die 2010/11 boekjaar, onderhewig aan die jaarlikse Wes-Kaapse Begrotingswet vir daardie jare, word ook in Bylae B uiteengesit.

Weerhouding van voorwaardelike toewysings

- 45 6. (1) ’n Oordraende provinsiale beamppte kan die oordrag van ’n voorwaardelike toewysing aan ’n munisipaliteit of enige gedeelte van sodanige toewysing vir ’n tydperk van hoogstens 30 dae terughou indien—
- 50 (a) die munisipaliteit nie aan die voorwaardes van die toewysing voldoen nie; of
 (b) uitgawe op vorige oordragte in die boekjaar beduidende onderspandering aantoon, waarvoor geen bevredigende verduideliking gegee is nie.
- 50 (2) ’n Oordraende provinsiale beamppte moet, ten minste 21 dae, of die korter tydperk wat die Provinsiale Tesourie goedkeur, voor die terughou van ’n toewysing ingevolge subartikel (1)—

- (a) die betrokke munisipaliteit—
 - (i) skriftelike kennis gee van die voorneme om die toewysing terug te hou; en
 - (ii) 'n geleentheid bied om binne daardie 21 dae skriftelike vertoë in te dien waarom die toewysing nie teruggehou moet word nie; en
- 5 (b) die Provinsiale Tesourie en ook die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering inlig van sy voorneme om die toewysing terug te hou.
- (3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) moet die redes vir die terughouding van die toewysing en die voorgenome duur van die terughouding insluit.
- (4) (a) Die Provinsiale Tesourie kan, wanneer 'n oordraende provinsiale beampte 'n 10 toewysing ingevolge subartikel (1) terughou, opdrag gee of 'n versoek van die departement toestaan dat 'n toewysing teruggehou word vir 'n tydperk van langer as 30 dae, maar hoogstens 120 dae, as die terughou—
 - (i) nakoming van die voorwaardes waaraan die toewysing onderworpe is sal vergemaklik; of
- 15 (ii) die risiko van onderspandering sal verklein.
- (b) 'n Oordraende provinsiale beampte moet, wanneer die terughou van 'n toewysing ingevolge hierdie subartikel versoek word, die Provinsiale Tesourie voorsien van bewys van sy nakoming van subartikel (2) en enige vertoë ontvang van die betrokke munisipaliteit.
- 20 (c) Die oordraende provinsiale beampte moet weer voldoen aan subartikel (2) as die Provinsiale Tesourie opdrag gee of goedkeuring verleen aan 'n versoek ingevolge paragraaf (a).

Staking van voorwaardelike toewysings

- 7. (1) Ondanks artikel 6 kan die Provinsiale Tesourie na goedgunst of op versoek van 'n oordraende provinsiale beampte die oordrag van 'n voorwaardelike toewysing aan 'n munisipaliteit of enige gedeelte van sodanige toewysing staak—
 - (a) op grond van aanhoudende en wesentlike nie-nakoming van voorwaardes waaraan die toewysing, onderhewig is soos bepaal in die toepaslike raamwerk wat in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer is; of
- 25 (b) as die Provinsiale Tesourie voorsien dat die munisipaliteit wesentlik sal onderspandeer op die betrokke program of toewysing in die huidige boekjaar.
- (2) Die Provinsiale Tesourie moet voordat 'n toewysing ingevolge hierdie artikel gestaak word—
 - (a) aan die betrokke munisipaliteit—
 - (i) 21 dae skriftelike kennis gee van die voorneme om die toewysing te staak; en
 - (ii) 'n geleentheid bied om binne daardie 21 dae skriftelike vertoë voor te lê waarom die toewysing of 'n gedeelte daarvan nie gestaak moet word nie; en
 - 35 (b) die Provinsiale Minister verantwoordelik vir die provinsiale departement wat die voorwaardelike toewysing wil staak, raadpleeg.
 - (3) Enige staking van 'n toewysing in subartikel (1) beoog moet, tesame met 'n verduidelikende memorandum, deur die Provinsiale Tesourie in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.
 - 40 (4) Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies moet verslag doen van enige staking van toewysings ingevolge hierdie artikel aan die Provinsiale Parlement en die Ouditeur-Generaal by die tertafellegging van die volgende begrotingswetgewing in die Provinsiale Parlement na die inwerkingtreding van hierdie Wet.

Hertoewysing na die staking van 'n toewysing

- 50 8. Die Provinsiale Tesourie kan, waar hy 'n toewysing staak ingevolge artikel 7, na oorlegpleging met die oordraende provinsiale beampte, bepaal dat 'n toewysing wat gestaak is, of 'n gedeelte van die toewysing, hertoegewys word aan een of meer munisipaliteite op voorwaarde dat die toewysing in die huidige boekjaar of die volgende boekjaar bestee moet word.

55 Kort titel

- 9. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Begrotingswet, 2008.

BYLAE A
 (As 'n las teen die Provinsiale Inkomstefonds)

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|---|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| 1 | Premier | 407 473 | 360 002 | 25 417 | 22 054 | 209 431 |
| 2 | Provinsiale Parlement | 63 690 | 42 062 | 19 103 | 2 525 | |
| 3 | Provinsiale Tesourie | 120 596 | 119 357 | | 1 239 | |
| 4 | Gemeenskapsveiligheid | 228 282 | 196 682 | 30 355 | 1 245 | 19 523 |
| 5 | Onderwys | 9 019 913 | 7 651 905 | 1 176 166 | 191 842 | 1 201 488 |
| 6 | Gesondheid | 8 641 973 | 7 507 649 | 461 704 | 672 620 | 3 623 814 |
| 7 | Maatskaplike Ontwikkeling | 1 088 065 | 424 746 | 630 400 | 32 919 | 338 410 |
| 8 | Plaaslike Regering en Behuising | 1 451 041 | 245 526 | 1 202 228 | 3 287 | 1 228 979 |
| 9 | Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning | 198 817 | 109 590 | 88 619 | 608 | 16 176 |
| 10 | Vervoer en Publieke Werke | 2 610 516 | 1 472 176 | 117 139 | 1 021 201 | 1 868 750 |
| 11 | Landbou | 344 704 | 254 895 | 75 922 | 13 887 | 69 512 |
| 12 | Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme | 219 244 | 110 044 | 108 650 | 550 | 18 576 |
| 13 | Kultuursake en Sport | 497 740 | 210 118 | 266 595 | 21 027 | 304 337 |
| | | 24 892 054 | 18 704 752 | 4 202 298 | 1 985 004 | 8 898 996 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|---|------------------------------|--|
| 1 | Departement van die Premier <i>Doel: Om holistiese regeringsbestuur, gedeelde groei en volhoubare ontwikkeling te behaal vir die inwoners van die Wes-Kaap deur strategiese en samewerkende leierskap wat behoeftegedreve en waarde-gebaseerd is.</i> | R'000 407 473 | R'000 360 002 | R'000 25 417 | R'000 22 054 | R'000 209 431 |
| | 1 Administrasie <i>Om administratiewe ondersteuning te verskaf aan die Premier, Uitvoerende Komitee en die Direkteur-Generaal in die uitvoering van hul wetgewende en oorsig funksie en met die bevordering van gesonde regeringsbestuur.</i> | 45 270 | 42 616 | 1 200 | 1 454 | |
| | Oordragte en subsidies <i>Premierse Humanitaire Fonds</i> | | | 1 200 | | |
| | 2 Institutionele Ontwikkeling <i>Om dienslewering te verbeter deur institutionele kapasiteitsbou en transformasie bestuur.</i> | 298 020 | 274 620 | 3 000 | 20 400 | |
| | <i>Waarvan</i> <i>Inligtingstegnologie</i> Oordragte en subsidies <i>Besigheidshoekies by biblioteke</i> | | | 3 000 | | 203 931 |
| | 3 Beleid en Regeringsbestuur <i>Om die ontwikkeling en implementering van beleide en strategiee te inisiéer ten einde 'n gekoördineerde benadering tot volhoubare provinsiale groei en ontwikkeling te bereik.</i> | 64 183 | 42 766 | 21 217 | 200 | |
| | <i>Waarvan</i> <i>2010 FIFA Wêreldbekerkoördinering</i> Oordragte en subsidies <i>Provinsiale Ontwikkelingsraad</i> <i>Wes-Kaapse Provinsiale Jeugkommissie</i> <i>"Economic Development in a Learning Province" handeldrywend as "Learning Cape Initiative"</i> <i>Sosiale Transformasie Projek (21 Areas)</i> <i>Kaapse Hoë Onderwys Konsortium</i> | | | 7 042 9 000 1 000 3 675 500 | | 5 500 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| 2 | Provinsiale Parlement <i>Doel: 'n Parlement wat dinamies is, deur die publiek besit word en proaktief is in die nastrewing van sy grondwetlike verantwoordelikhede.</i> | R'000 63 690 | R'000 42 062 | R'000 19 103 | R'000 2 525 | R'000 |
| | 1 Administrasie <i>Om die oorhoofse bestuur van die Provinsiale Parlement te behartig en korporatiewe steudienste van gehalte te lewer.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Alexander Forbes (Ongelukversekering vir personeel)</i> | 23 178 | 20 515 | 138 | 2 525 | |
| | 2 Fasilitete van Lede en Politieke Partye <i>Om aan Lede en politieke partye bemagtigingsfasilitete en voordele te lewer.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Alexander Forbes (Ongelukversekering vir lede)</i> <i>Gemenebes Parlementêre Vereniging</i> <i>Politieke partye</i> | 25 381 | 6 426 | 18 955 | 121 100 120 17 751 | |
| | 3 Parlementêre Dienste <i>Om 'n gehalte procedurele ondersteuning beskikbaar te stel en om openbare deelname en bewusmaking te faciliteer.</i> | 15 131 | 15 121 | 10 | | |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|---|--------------------------------|-------------------------|----------------------------|--------------------------------|--|
| 3 | <p>Provinsiale Tesourie</p> <p><i>Doel: Om die nodige finansiële en ander ondersteuningsmiddelle te bekom en om dit optimaal te benut in die uitvoering van Tesourie se visie en strategiese ondersteuningsdoelwitte.</i></p> <p>1 Administrasie <i>Om die oorhoofse strategiese bestuur en algehele administrasie van die Provinsiale Tesourie te bewerkstellig.</i></p> <p>2 Volhoubare Hulpbronbestuur <i>Om professionele advies te lewer betreffende ekonomiese parameters en fiskale beleid, om munisipale begrotings te assesseer en te monitor en om die provinsiale begroting te bestuur.</i></p> <p>3 Bate- en Lastebestuur <i>Om beleidsrigtinggewing te verleen, om effektiewe en doeltreffende bestuur van finansiële stelsels, fisiese en finansiële bates, publieke private vennootskappe en laste binne die provinsiale and munisipale sfeer te faciliteer.</i></p> <p>4 Finansiële Staatsbestuur <i>Om verbeterde finansiële bestuur, rekenpligtigheid en doeltreffendheid binne die provinsiale en munisipale sfeer te bevorder.</i></p> | R'000 120 596 | R'000 119 357 | R'000 | R'000 1 239 1 119 | R'000 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|---|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| 4 | <p>Gemeenskapsveiligheid</p> <p><i>Doel: Om 'n provinsiale gemeenskapsveiligheids-bestuursraamwerk tot veiliger gemeenskappe in die Wes-Kaap te lewer.</i></p> <p>1 Administrasie <i>Om die oorhoofse bestuur van die departement te behartig en sekretariaat- en ondersteuningsdienste aan die Provinsiale Minister te lewer.</i></p> <p>2 Provinciale Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit <i>Om die grondwetlike en wetgewende mandate van burgerlike oorsig oor wetstoepassingsagentskappe te implementeer en om beide nasionale en provinsiale beleid op veiligheid en sekuriteit te implementeer. Dit sluit in die bepaling van polisiëringssprioriteite en -behoeftes vir die Provinsie, navorsing van die veiligheid- en sekuriteitsbehoeftes van gemeenskappe, mobilisering van gemeenskappe teen misdaad, en inisiëring, uitvoering en koördinering van misdaadvoorkomingsprojekte.</i></p> <p>Waarvan</p> <p>Oordragte en subsidies <i>Gemeenskapspolisieforums en Provinsiale Polisieraad</i></p> <p>3 Sekuriteitsrisikobestuur <i>Om die totale sekuriteitsfunksies namens alle Hoofde van Departemente in die Wes-Kaapse Provinsiale Regering te bestuur.</i></p> | R'000 228 282 | R'000 196 682 | R'000 30 355 | R'000 1 245 | R'000 19 523 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <p>4 Verkeersveiligheidspromosie <i>Die verkeersveiligheid te bevorder deur die voorsiening van verkeerswetstoepassingsdienste, fasilitering van padveiligheidsonderrig en bewusmaking en voorsiening van opleidings- en ontwikkelingsmoontlikhede aan alle verkeerspolisiëringbeamptes, insluitende die Metropolitaanse polisie en ander wetstoepassingsbeamptes en gemeenskapsgebaseerde opleiding aan vrywilligers uit die gemeenskap.</i></p> <p><i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Projek Chrysalis fonds Wes-Kaap</i></p> | R'000 113 453 | R'000 104 096 | R'000 9 050 | R'000 307 | R'000 5 349 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|--------------------|----------------------------|------------------------------|---|
| 5 | Onderwys <i>Doeleind: Om te verseker dat alle leerders kennis, vaardighede en waardes verkry wat hul benodig om hul potensiaal te verwesenlik, om vervulde lewens te lei, by te dra tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, om ten volle deel te neem aan die lewe van die land, om internasionaal mee te ding en om gemeenskappe te bou wat in staat is om hul lewens suksesvol en met waardigheid te bestuur.</i> | R'000 9 019 913 | R'000 7 651 905 | R'000 1 176 166 | R'000 191 842 | R'000 1 201 488 |
| | 1 Administrasie <i>Om oorhoofse bestuur van en ondersteuning aan die onderwysstelsel te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996), Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en ander toepaslike beleid.</i> | 410 189 | 371 104 | 32 773 | 6 312 | |
| | <i>Waarvan</i> <i>Sistemiese evaluering</i> <i>Interne audit</i> <i>Menslike hulpbronstelsels en kapasiteitsontwikkeling</i> | | | | | 3 636 3 592 51 257 |
| | <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Beheerliggame van openbare skole</i> | | | 29 489 | | |
| | 2 Openbare Gewone Skoolonderwys <i>Om openbare gewone onderwys vanaf graad 1 tot 12 in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) te voorsien.</i> | 7 267 732 | 6 642 165 | 440 127 | 185 440 | |
| | <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Infrastruktuurtoekenning aan Provinsies</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale skoolvoedingsprogram</i> <i>Instandhouding</i> <i>Infrastruktuur</i> <i>Gehalte- en Opheffingsprogramme</i> | | | | | 120 475 71 109 52 363 105 000 154 246 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <i>Menslike hulpbronstelsels en kapasiteitsontwikkeling</i> | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| | <i>Onderwyserontwikkeling (GOS & NPOD)</i> | | | | | 8 230 |
| | <i>Handboeke vir grade 10-12 (NKS)</i> | | | | | 20 000 |
| | <i>Implementering van Hersiene Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (nie-skoolgeldskole)</i> | | | | | 44 000 |
| | <i>Oordragte en subsidies</i> | | | | | 236 522 |
| | <i>Beheerliggame van openbare skole</i> | | | 395 830 | | |
| | <i>Koshuisbeurse</i> | | | 24 845 | | |
| | 3 Onafhanklike Skoolsubsidiës | 48 406 | | 48 406 | | |
| | <i>Om onafhanklike skole in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) te ondersteun.</i> | | | | | |
| | <i>Waarvan</i> | | | | | |
| | <i>Oordragte en subsidies</i> | | | 48 406 | | |
| | <i>Beheerliggame van geregistreerde onafhanklike skole</i> | | | | | |
| | 4 Openbare Spesiale Skoolonderwys | 500 589 | 416 378 | 84 211 | | |
| | <i>Om openbare onderwys in spesiale skole in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) en Witskrif 6 op Spesiale Onderwysbenodigdhede: Bou 'n gesamentlike onderwys en opleiding-sisteem, te voorsien.</i> | | | | | |
| | <i>Waarvan</i> | | | | | |
| | <i>Uitbreiding van inklusiewe onderwys</i> | | | | | 13 114 |
| | <i>Oordragte en subsidies</i> | | | 83 138 | | |
| | <i>Beheerliggame van openbare spesiale skole</i> | | | | | |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|---|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <p>5 Verdere Onderwys en Opleiding <i>Om verdere onderwys en opleiding (VOO) te voorsien by die openbare VOO kolleges in ooreenstemming met die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet 98 van 1998).</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Verdere onderwys en opleiding kollege sektor rekapitalisering</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Die rektore van Kolleges vir Verdere Onderwys en Opleiding</i></p> | R'000 326 858 | R'000 11 700 | R'000 315 158 | R'000 | R'000 77 305 |
| | <p>6 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes <i>Om Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000).</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Beheerliggame van Privaat BOOV-sentrums</i></p> | 27 789 | 8 066 | 19 723 | | |
| | <p>7 Vroeëkindontwikkeling <i>Om vroeëkindonderwys (VKO) te voorsien op graad R-vlak in ooreenstemming met Witskrif 5.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Uitbreidung van Graad R</i></p> <p><i>Uitgebreide Openbare Werke Program - Onderwys</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Beheerliggame van openbare skole en VKO-gemeenskapsentrums</i></p> | 226 792 | 98 390 | 128 402 | | 69 277 91 372 66 143 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <p>8 Geassosieerde en hulpdienste <i>Om die onderwysinrigtings as 'n geheel van ondersteuning te voorsien.</i></p> <p>Waarvan</p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning: MIV en Vigs (Opleiding in Lewensvaardighede)</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Sektorale onderwys- en opleidingsouutoriteit (SOOO)</i></p> <p><i>Beheerliggame van openbare skole</i></p> <p><i>Beurse: Leerlingonderwysers</i></p> | R'000 211 558 | R'000 104 102 | R'000 107 366 | R'000 90 | R'000 13 847 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|--------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| 6 | Gesondheid <i>Doel: Om die gesondheid van alle inwoners in die Wes-Kaap en verder, te verbeter, deur die daarstelling van 'n gebalanseerde gesondheidsdienst, in samewerking met alle rolspelers, binne die raamwerk van optimale sosio-ekonomiese ontwikkeling.</i> | R'000 7 937 492 | R'000 7 303 878 | R'000 459 797 | R'000 173 817 | R'000 3 623 814 |
| | 1 Administrasie <i>Om die oorhoofse strategiese bestuur en algehele administrasie van die Departement van Gesondheid te bewerkstellig.</i> | 300 788 | 221 241 | 20 816 | 58 731 | |
| | <i>Waarvan</i> | | | | | |
| | <i>Gesondheid beroepslei vergoedingshersiening</i> | | | | | 1 331 |
| | <i>Interne Oudit</i> | | | | | 3 864 |
| | <i>2008 Koste druk (IT)</i> | | | | | 14 500 |
| | 2 Distriksgesondheidsdienste <i>Om Primére Gesondheidsorgdienste en Distrikshospitaaldienste te lewer.</i> | 2 964 886 | 2 587 792 | 330 123 | 46 971 | |
| | <i>Waarvan</i> | | | | | |
| | <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Gesondheidsberoepsopleiding en -ontwikkeling</i> | | | | | 71 995 |
| | <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Omvattende MIV en Vigs</i> | | | | | 241 467 |
| | <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Forensiese patologie dienste</i> | | | | | 55 535 |
| | <i>Gesondheid beroepslei vergoedingshersiening</i> | | | | | 153 975 |
| | <i>Oordragte en subsidies</i> | | | | | |
| | <i>Munisipaliteit</i> | | | | 163 511 | |
| | <i>Nie-winsgewende instansies</i> | | | | 164 622 | |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | 3 Mediese Nooddienste <i>Om 'n mediese nooddienst voor hospitalisasie, insluitende oorplasings tussen hospitale en beplande pasiënt-vervoer, te lewer.</i> <i>Waarvan</i> <i>Mediese nooddienste</i> Oordragte en subsidies <i>Nie-winsgewende instansies</i> | R'000 386 026 | R'000 352 350 | R'000 21 066 | R'000 12 610 | R'000 384 794 |
| | 4 Provinciale Hospitaaldienste <i>Om 'n hospitaaldiens te lewer wat toeganklik, geskik en doeltreffend is en algemene spesialisdiens verskaf, insluitend 'n spesialis rehabilitasie-diens, asook 'n platform vir die opleiding van professionele gesondheidswerkers en navorsing.</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Gesondheidsberoepsopleiding en -ontwikkeling</i> <i>Gesondheid beroepslui vergoedings-hersiening</i> Oordragte en subsidies <i>Nie-winsgewende instansies</i> | 2 305 977 | 2 290 862 | 3 718 | 11 397 | 88 391 114 487 |
| | 5 Sentrale Gesondheidsdienste <i>Om tersiäre gesondheidsdienste te voorsien en 'n platform vir die opleiding van gesondheidswerkers en navorsing daar te stel.</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale tersiäre dienste</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Gesondheidsberoepsopleiding en -ontwikkeling</i> <i>Modernisering van tersiäre dienste</i> <i>Gesondheid beroepslui vergoedings-hersiening</i> Oordragte en subsidies <i>Nie-winsgewende instansies</i> | 1 801 295 | 1 750 422 | 7 650 | 43 223 | 1 486 054 196 028 30 434 65 275 |
| | | | | 5 919 | | |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofdelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------------|--|
| | 6 Gesondheidswetenskappe en Opleiding <i>Om opleiding en ontwikkelings- geleenthede aan werklike en potensiële werknemers van die Departement van Gesondheid te voorsien.</i> | R'000 178 520 | R'000 101 211 | R'000 76 424 | R'000 885 | R'000 74 044 7 359 5 161 |
| | <i>Waarvan</i> <i>UPWP - Gesondheid</i> <i>Mediese nooddienste</i> <i>Gesondheid beroepsleiui vergoedings-hersiening</i> | | | | | |
| | Oordragte en subsidies Universiteite en technikons <i>Sektorale onderwys- en opleidingsoutoriteit (SOOO)</i> <i>Beurse</i> <i>Nie-winsgewende instansies (EPWP)</i> | | | | 1 567 2 801 52 234 19 732 | |
| | 7 Gesondheidsorg-steudienste <i>Om steudienste te lewer wat die departement in staat stel om sy doelwitte te bereik.</i> | | 94 454 | 1 907 | 725 | 49 725 |
| | <i>Waarvan</i> <i>Instandhouding</i> Oordragte en subsidies Departementele agentskappe en rekeninge - Medvas Bedryfsrekening | | | | 1 573 | |
| | 8 Gesondheidsfasiliteite Bestuur <i>Om voorseeing te maak vir nuwe gesondheidsfasiliteite, upgradering en instandhouding van huidige fasiliteite, insluitend die hospitaal vernuwing en provinsiale infrastruktuur toekennings.</i> | | 109 317 | | 498 078 | 400 388 93 810 85 197 |
| | <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Hospitaal vernuwing</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Provinsiale infrastruktuur</i> <i>Instandhouding</i> | | | | | |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|----------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| 7 | <p>Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p><i>Doeleind: Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker wat aan die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes geleenthede gee en huile bemagtig.</i></p> <p>1 Administrasie <i>Die program omvat die strategiese bestuurs- en steudienste op alle vlakke van die departement, d.i. provinsiale-, streeks-, distrik-, en fasiliteits-/inrigtingsvlak.</i></p> <p>Waarvan <i>Spesifieke beroepsbesoldiging</i></p> <p>2 Welsynsdienste <i>Voorsien geïntegreerde ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste aan die armes en kwesbares in samewerking met belanghebbendes en burgerlike gemeenskapsorganisasies.</i></p> <p>Waarvan <i>Uitbreiding van maatskaplike welsyns dienste</i> <i>Implementering van maatskaplike welsynswetgewing</i> <i>Uitgebreide Openbare Werke program</i> <i>Uitbreiding van vroeëkindontwikkeling</i> <i>Spesifieke beroepsbesoldiging</i> <i>Indiensname van maatskaplike hulpwerkers</i> <i>Misbruik van dwelmmiddels</i></p> | R'000 1 088 065 | R'000 424 746 | R'000 630 400 | R'000 32 919 | R'000 338 410 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofdelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Behandeling en voorkoming van dwelmmisbruik</i></p> <p><i>Versorging en dienste aan bejaarde persone</i></p> <p><i>Misdaadvoorkoming en ondersteuning</i></p> <p><i>Dienste aan persone met gestremdheid</i></p> <p><i>Kinderversorging- en beskermingsdienste</i></p> <p><i>Bemagtiging van slagoffers</i></p> <p><i>MIV en Vigs</i></p> <p><i>Versorging en ondersteuningsdienste aan families</i></p> <p>3 Ontwikkeling en Navorsing</p> <p>Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat bemagtiging van gemeenskappe faciliteer, gebaseer op empiriese navorsing en demografiese inligting.</p> <p>Waarvan</p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Volhoubare bestaansvermoë</i></p> <p><i>Ontwikkeling van die jeug</i></p> <p><i>Munisipaliteit: Veeldoelige sentrums</i></p> <p><i>Oppou en ondersteuning van institusionele kapasiteit</i></p> | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| 8 | <p>Plaaslike Regering en Behuisung</p> <p><i>Doel: Om effektiewe agente van verandering te wees deur munisipalteite in staat te stel om dienste te lewer en om geïntegreerde volhoubare ontwikkeling te verseker.</i></p> <p><i>Om deelnemende en geïntegreerde volhoubare nedersettings te bevorder, te fasiliteer en te ontwikkel.</i></p> <p><i>Om dienslewering te fasiliteer deur gesonde administrasie en die betrokkenheid van alle vlakke van regering en sosiale vennote.</i></p> <p>1 Administrasie <i>Om strategiese leierskap en bestuur te verskaf, en om 'n effektiewe ondersteuningsdiens in die departement te lewer in ooreenstemming met alle toepaslike wette en beleide.</i></p> <p>Oordragte en subsidies <i>Nie-winsgewende organisasies</i></p> <p>2 Behuisung <i>Om geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings te beplan, te fasiliteer en te ontwikkel.</i></p> <p><i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Geïntegreerde behuisung en menslike vestiging en ontwikkeling</i></p> <p>Oordragte en subsidies <i>Huishoudings (Munisipalteite)</i> <i>Munisipalteite</i> <i>Suid-Afrikaanse Vroue in Konstruksie (SAVIK)</i></p> | R'000 1 451 041 | R'000 245 526 | R'000 1 202 228 | R'000 3 287 | R'000 1 228 979 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofdelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|------------------------------|---------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <p>3 Plaaslike Regering <i>Om lewensvatbare en volhoubare plaaslike regering te bevorder en te faciliteer, om geïntegreerde en volhoubare beplanning te bevorder en gemeenskapsdeelname te verbeter in die proses.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Bemagtiging van munisipaliteit</i></p> <p><i>Rampbestuursentrum</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Munisipaliteit</i></p> <p><i>Nasionale Seereddingsinstituut</i></p> <p><i>Lewensredding SA</i></p> <p><i>SALGA</i></p> | R'000 71 703 | R'000 62 439 | R'000 8 194 | R'000 1 070 | R'000 11 505 13 490 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|----------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| 9 | <p>Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning</p> <p><i>Doel: Om menslike welstand aan te moedig deur die bevordering van gelyke toegang tot natuurlike hulpbronne, fasilitering van ekonomiese ontwikkeling, herstel van die ruimtelike erfenis en versekering van omgewings-integriteit tot volhoubare ontwikkeling van die Wes-Kaap.</i></p> <p>1 Administrasie <i>Die doel van die program is om oorhoofse bestuur van die Departement te behartig en 'n sentrale ondersteuningsdiens te lewer.</i></p> <p>Waarvan Oordragte en subsidies Sektorale onderwys- en opleidingsautoriteit (SOOO) Ander oordragte aan huishoudings</p> <p>2 Beleid Koördinering en Omgewingsbeplanning <i>Die doel van die program is om die integrasie van omgewingsdoelwitte in nasionale, provinsiale en plaaslike regering se beplanning te verseker, insluitend in die provinsiale groei en ontwikkelingsstrategie asook plaaslike ekonomiese onwikkelingsplanne en geïntegreerde ontwikkeling. Die program sluit in dwarsleggende funksies soos navorsing, departementele strategie en inligtingsbestuur.</i></p> <p>Waarvan Nie-winsgewende organisasies</p> | R'000 198 817 | R'000 109 590 | R'000 88 619 | R'000 608 | R'000 16 176 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <p>3 Nakoming en Toepassing <i>Die doel van die program is om te verseker dat omgewings-nakoming monitering-stelsels daargestel en geïmplementeer word, die nakoming van wetgeving en omgewingsmagtigings te verseker, die bou van nakomingsmonitering en toepassings-kapasiteit deur die daarstelling en opleiding van omgewingsbestuursinspektorate, reageer op klages en kennisgewings ten opsigte van omgewingsoortredings en aksies om hierdie klages te monitor en waar nodig nakoming van omgewingsvereistes af te dwing.</i></p> <p>4 Omgewingsgehaltebestuur <i>Die doel van die program is om wette, beleid, norme, standaarde en riglyne vir omgewingsimpak bestuur, luggehalte-bestuur en klimaatsveranderings-bestuur te ontwikkel, asook die bestuur van afval en besoedeling op provinsiale en plaaslike vlak.</i></p> <p>Waarvan</p> <p><i>Klimaatsverandering</i></p> <p><i>Munisipaliteite</i></p> | R'000 7 575 | R'000 7 555 | R'000 20 | R'000 152 | R'000 1 566 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotings-pos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|---|---------------------------------|--------------------|----------------------------|------------------------------|---|
| | <p>5 Biodiversiteitsbestuur <i>Die doel van die program is om die regverdige verdeling en volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne te bevorder ten einde by te dra tot ekonomiese ontwikkeling deur bestuur van biodiversiteit tesame met die komponente daarvan, prosesse, habitatte, eko-sisteme en funksies en bedreigings tot volhoubare bestuur van biodiversiteit en natuurlike hulpbronne effekief te verminder.</i></p> <p>Waarvan <i>Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad (WKNR):</i></p> <p><i>Opgradering van toerisme infrastruktuur en kapitaal investering</i></p> <p><i>Brandbestuur kapasiteit (inclusief Uitgebreide Openbare Werke Program brandbestryding) en uitroeiling van uitheemse plantegroei</i></p> <p>Oordragte en subsidies <i>Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad</i></p> | R'000 91 710 | R'000 3 889 | R'000 87 788 | R'000 33 | R'000 7 110 7 500 87 788 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|------------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| 10 | Vervoer en Publieke Werke <i>Doele: Om 'n vervoerstelsel en eiendomsinfrastruktuur wat geïntegreerd, toeganklik, veilig, betroubaar, bekostigbaar, volhoubaar en van die verlangde kwaliteit is, te voorsien, deur middel van sosiaal regverdigbare ontwikkelings- en bemagtigingsprosesse wat lewensgehalte sal verbeter.</i> | R'000 2 610 516 | R'000 1 472 176 | R'000 117 139 | R'000 1 021 201 | R'000 1 868 750 |
| | 1 Administrasie <i>Om die oorhoofse bestuur en administratiewe steun van die Departement te behartig.</i> <i>Waarvan</i> <i>Beurse vir skaars vaardighede</i> <i>Voorsieningskettingbestuur kapasiteit versterking, monitering en nakoming</i> | 168 314 | 155 894 | 7 004 | 5 416 | 7 000 1 000 |
| | 2 Publieke Werke <i>Om akkommodasie aan alle provinsiale departemente te voorsien, die provinsiale eiendomsporefeulje te bestuur tot die optimale voordeel van alle belanghebbendes en om professionele en tegniese dienste aan departemente ten opsigte van geboue en verwante infrastruktuur te lewer.</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> <i>Devolusie van Eiendomsbelasting</i> <i>Fondse na Provincies</i> <i>Interne tegniese kapasiteit versterking</i> <i>Akkommodasie en onderhoud van Hoofkantoor geboue in Kaapstad Sentrale Sakekern</i> | 613 355 | 539 512 | | 73 843 | 147 127 11 621 18 000 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|--|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
| | <p>3 Paaie Infrastruktur</p> <p><i>Om toeganklikheid en die veilige, bekostigbare beweging van mense, goedere en dienste te bevorder deur die voorsiening en instandhouding van vervoerinfrastruktuur wat volhoubaar, geïntegreerd en omgewingsensitief is en wat maatskaplike en ekonomies groei steun en fasiliteer deur sosiaal regverdig, ontwikkelings- en bemagtigingsprosesse.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Infrastruktur Toekenning aan Provincies</i></p> <p><i>Paaie infrastruktur</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Munisipaliteit</i></p> <p>4 Publieke Vervoer</p> <p><i>Om die voorsiening van publieke vervoerdienste en infrastruktuur te beplan, reguleer en fasiliteer deur van eie provinsiale hulpmiddele, samewerking met nasionale en plaaslike owerhede, asook die privaat sektor, gebruik te maak ten einde beweeglikheid te bevorder in alle gemeenskappe, veral diegene wat tans geen toegang of slegs beperkte toegang het. Die Uitgebreide Program vir Openbare Werke is een van die maniere waarop die dienste gelewer word.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Munisipaliteit</i></p> | R'000 1 380 000 | R'000 419 461 | R'000 42 180 | R'000 918 359 | R'000 299 002 1 380 000 |
| | | 198 787 | 109 542 | 67 950 | 21 295 | 67 950 |

| Begrotingspos | Beskrywing | Begrotingspos en hoofindelings | Lopende betalings | Oordragte en subsidies aan | Betalings vir kapitale bates | Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig |
|---------------|---|--------------------------------|-------------------|----------------------------|------------------------------|--|
